


# Week 6

# VLOA-OPSOMMING

| | |
|---|---|
| Welstand | • Maats leer dat hul ouers sorg dat hulle warm klere en gesonde kos in die winter het.<br>• Hulle leer dat hulle in die winter warm moet aantrek en uit die koue moet bly om na hul gesondheid om te sien.<br>• Maats leer dat ons vitamiene moet neem om gesond te bly in die winter.<br>• Maats leer dat sommige maats nie wintersklere en warm skoene het nie en dat ons iets hieraan kan doen. Om na ander se welstand om te sien, is om na ons eie om te sien.<br>• Maats leer dat ons nie in stereotipes moet glo nie en dat ons kan wees net wat ons wil wees. Dogtertjies kan byvoorbeeld ook "brandweermanne" word.<br>• Ons doen groot motoriese ontwikkeling deur middel van ons kinetiese sessie.<br>• Fyn motoriese vaardighede word ontwikkel deur die knyp, druk, manipulasie, plak, verf, knip en vashou van onderskeie materiale. |
| Identiteit en samehorigheid | • Maats leer dat hulle bevoorreg is om warm te kan aantrek.<br>• Maats leer dat hulle 'n verskil in ander se lewens kan maak en agente van verandering kan wees.<br>• Maats leer dat ons nie in stereotipes moet glo nie en dat ons kan wees net wat ons wil wees. Dogtertjies kan byvoorbeeld ook "brandweermanne" word.<br>• Kleuters word die geleentheid gegun om hulself uit te druk tydens sirkelsessies, bybelstorie- en lesbesprekings.<br>• Selfstandigheid en verantwoordelikheid word bevorder deur die daaglikse roetine wat toegepas word en die uitdeel van werkies en verantwoordelikhede, soos om op te ruim, kunswerke volgens juffrou se instruksies te voltooi ens. |
| Kommunikasie | • Maats word die geleentheid gegun om sosiaal met ander maats te kommunikeer tydens klasbesprekings en groepspel.<br>• Kleuters "lees" saam met juffrou die illustrasies van die bybelstorie en tema. Tydens hierdie "leeservaring" word vorms, kleure ens. uitgewys en bespreek.<br>• 'n Gediggie en stories word geluister, gedramatiseer en bespreek.<br>• Maats kleur met waskryte in en "skryf" hulle name op hulle kunswerke.<br>• Juffrou vra deurlopend vir maats vragies wat hulle moet beantwoord.<br>• Bepaalde woorde word aan maats omskryf ten einde hulle woordeskat te verbeter. |
| Verken wiskunde | • Die nommer "agt" word die week behandel. Maats moet tot by agt tel.<br>• Maats leer van die ster (die vorm hierdie week).<br>• Maats leer van isolasie. |
| Kreatiwiteit | • Uitdagings wat opgelos moet word, word deur middel van die week se storie en aktiwiteite aan maats gestel.<br>• Maats verf en oefen dus hoe om verfkleure apart te hou en kwaste skoon te hou.<br>• Maats leer hoe om 'n skêr, kryt en kwas vas te hou.<br>• Maats word die geleentheid gegun om vir juffrou te vertel van die kunswerke wat hulle geskep het.<br>• Maats dramatiseer 'n kort gedig en storie.<br>• Kreatiwiteit word ook deur kammaspel bevorder. |
| Kennis en begrip van die wêreld | • Maats leer van die seisoen winter en hoe dit van ander seisoene verskil.<br>• Vryspel bied aan maats die geleentheid om hul omgewing te ondersoek.<br>• Maats verken saam met juffrou tegnologiese hulpbronne.<br>• Kleuters voltooi skeppende manipulasie-take terwyl hulle hul eie sneemanne ens. skep. |

- Dag van die week
- Maand
- Verjaarsdae op hierdie dag
- Nuuswaardighede
- Seisoen
- Weer
- Nommer van die week: ***Agt (8)***
- Vorm van die week: ***Ster***
- Kleur van die week: ***Wit***

# SIRKELSESSIE
*Van die week*

***Maats moet daagliks die vorm met hul vingers in die lug vorm/skryf en moet tot by 8 tel terwyl hulle ritmies hulle voete stamp***

## Sirkelbespreking van die week



Ontmoet vir:



Wouter-Wit

# Wouter-Wit *(Die Storie)*

Wouter-Wit woon in 'n baie koue land ver, ver weg. In hierdie land sneeu dit die hele jaar lank en is dit vir Wouter-Wit te lekker, want sien, Wouter-Wit is van sneeu gemaak!

Wouter-Wit staan kiertsregop in 'n pragtige woud in hierdie koue land. Oral rondom hom is daar bome wat lyk asof hulle aan die hemel raak en op die bome se takke en blare lê daar wit hopies sneeu. Dit laat Wouter-Wit se wit hartjie sommer vinniger klop as hy sy swart steenkoologies in die oggend oopmaak en dit sneeu. Wit sneeuvlokkies wat soos sagte wit veertjies lyk val stadig uit die hemel. Vir Wouter-Wit is daar niks mooier as die spierwit sneeuvlokkies nie. As hy 'n tong gehad het, sou hy dit beslis uitgesteek het sodat hy die spierwit sneeuvlokkies kon proe!

Baie keer is daar mense wat in die woud kom stap en dan staan Wouter-Wit doodstil. Dit is vir hom die lekkerste as daar kindertjies in die woud stap, want dan hoor hy hulle skreeu van plesier: "Mamma, pappa, kyk hierdie sneeuman! Is dit nie die mooiste sneeuman nie?" Dan voel dit vir Wouter-Wit of sy spierwit hart sommer wil bars van trots!


En dan, as dit aand word en die maan skyn goudgeel oor die spierwit sneeu, dink Wouter-Wit hy is verseker die heel gelukkigste sneeumannetjie in die hele wêreld.

**Vertoon hierdie week vir Wouter-Wit in die klas**

Maats kan hierdie week vir Wouter-Wit kossies en happies soos wit malvalekkers en witbrood bring. Wouter-Wit kan dalk selfs 'n slukkie melk kry. Moedig maats aan om gepaste wit items vanuit die klas of van die huis af vir Wouter-Wit te bring. Moedig maats verder aan om gepaste wit items vanuit die klas of van die huis af vir Wouter-Wit saam te bring.

**Probeer hierdie week om WIT verf, klei ens. in aktiwiteite te gebruik sodat maats geleenthede het om die kleur te identifiseer.**

**Vra deurgaans vir maats watter kleur die verf, klei ens. is.**




Mollie




Mollie
8

# BYBEL-ILLUSTRASIES



**Visuele prosessering:**
Daar staan DRIE manne BO-OP die muur
Die muur is HOOG
Die priesters loop OM die muur
Die muur val INMEKAAR

# BYBELLES

## *Kanaan*

# DAG 1-2

Nadat die Israeliete veertig jaar in die woestyn gebly het, het God Sy belofte nagekom en die Israeliete tot by die beloofde land, Kanaan, gebring. Kanaan was die land wat God aan die Israeliete wou gee.

Die Israeliete was vir so lank in die woestyn dat Moses baie oud geword het en doodgegaan het. God het toe vir 'n man met die naam Josua gevra om die Israeliete in die land van Kanaan in te vat. Daar was net een probleem. Daar was baie hoë, sterk mure om een van Kanaan se stede, Jerigo. As die Israeliete in Kanaan wou ingaan moes hulle oor hierdie mure van Jerigo kom. Maar hoe?

God het toe vir Josua gesê wat om te doen. Hy moes soldate na Jerigo toe stuur om te gaan kyk hoe dit daar lyk. Hulle moes versigtig wees sodat niemand kon agterkom dat hulle Israeliete was nie, maar die mense in Jerigo het iets agtergekom en hulle probeer vang.

## Woordeskat-ontwikkeling

**Beloofde**

Iets wat iemand belowe het om vir jou te doen of gee

**Versigtig**

Iets doen sonder om kanse te vat

## Kommunikasie-vaardighede en ouditiewe geheue

- Wat was die naam van die land waarheen God die Israeliete gelei het?

## Lewensles

*Ons moet soos Joshua vir God luister!*

# BYBELLES

## *Die groot muur*

# DAG 3-4

Maatjies, kan julle onthou van die soldate wat Josua na Jerigo gestuur het was amper deur die soldate van Jerigo gevang? Gelukkig was daar 'n vrou met die naam Ragab wat hulle gehelp het om weg te kom.

God het vir Josua gesê dat die Israeliete vir ses dae om die stad Jerigo moes loop. Hulle moes agter die priesters, wat 'n spesiale kis met God se wette in moes dra, aanloop. Die priesters moes dan hard op hulle ramshorings blaas.

Die mense van Jerigo het nie geweet wat aangaan nie. Kan julle dink watter geraas dit was? Die mense van Jerigo het seker gedink daar is iets fout met die Israeliete wat so om die stad loop en raas.

God het verder vir Josua gesê dat die Israeliete op die sewende dag sewe keer om Jerigo moes loop.

### Woordeskat-ontwikkeling

**Priesters**

Hulle het die mense van God geleer

**Ramshorings**

Horing van 'n ram waarop daar soos op 'n trompet geblaas word

**Kis**

'n Groot boks waarin ons goed bêre

### Kommunikasie-vaardighede en ouditiewe geheue

- Wie het die Israelitiese soldate gehelp om weg te kom?
- Hoeveel keer moes die Israeliete om die stad van Jerigo loop?
- Waarop het die priesters geblaas?
- Wat het die priesters gedra?

### Lewensles

Ons moet God vertrou al verstaan ons nie Sy planne nie!

## *Die mure val*

# DAG 5

Op die sewende dag het die Israeliete sewe keer agter die priesters aan om Jerigo geloop. Terwyl die priesters baie hard op hulle ramshorings geblaas het, het die Israeliete baie hard geskreeu.

Toe gebeur daar 'n wonderlike ding! Toe die Israeliete die sewende keer om die mure loop terwyl hulle so hard raas, val die mure van Jerigo om! God het gesê dat almal in Jerigo doodgemaak moes word. Net Ragab, die vrou wat die Israeliete gehelp het, se lewe is saam met haar familie s'n gespaar.

**Raas**

As ons baie harde klanke maak of hard skreeu of praat

### Lewensles

God se planne werk altyd! Die muur het omgeval!

# TEMATAFEL *('n Winterboks)*

## TAFELSTORIE VAN DIE WEEK

*(Hierdie week haal ons allerlei goed uit 'n winterboks om 'n sneeuman te help bou!!)*

Dis Sondag en Mollie voel so bietjie treurig vandag. Dit is winter en juffrou Springhaas het die hele week in die klas vertel van al die lande waar dit in die winter sneeu. Die kinders van sulke lande word dan in hul warmste klere aangetrek en bou dan groot sneeumanne met serpe om hulle nekke en wortels vir neuse. Dit klink so lekker! Mollie sug. Hy wag nou al die hele naweek dat dit moet sneeu, maar dit wil eenvoudig nie sneeu nie! Hy wil so graag voel hoe dit voel om 'n sneeuman te bou! Mamma Muis sien dat haar seuntjie sommer baie ongelukkig is. Sy besluit sommer dadelik om vir hom 'n boksie te pak met allerlei goed in sodat hy sy eie klein sneeumannetjie kan bou. Wil julle ook sneeumanne bou maats? *(Gee vir maats groot bolle* ***spierwit klei*** *vir sneeumanlyfies;* ***kortgeknipte oranje pypskoonmakers*** *vir "wortelneusies";* ***swart pom-poms of knopies*** *[kyk dat maats dit nie sluk nie] vir ogies;* ***klein stokkies*** *vir arms; en* ***linte of repies materiaal*** *vir serpies. Laat maats nou hul eie sneeumanne bou.)*

Nadat Mollie sy sneeuman gebou het wil hy sommer nog wintermannetjies maak. Mamma glimlag vir hom. Sy het 'n plan. Sy gee vir Mollie 'n ysbakkie vol gekleurde ysies. Elke ysblokkie het 'n roomysstokkie in. Sy gee ook vir Mollie 'n groot stuk papier. Hy mag nou met die ysblokkies verf! *(Haal vir maats* ***verskillende kleure ysblokkies met roomysstokkies in*** *uit die boks. Deel vir hulle papier ook uit. Maats kan nou met die ysblokkies verf!)*

Mollie is nou moeg vir teken! Nou gaan hy met meel speel! *(Haal* ***gelamineerde prentjies van die winter*** *soos prentjies van mussies, sop ens. uit die boks. Haal ook* ***'n sak/bak meel uit die boks uit****. Pak die prentjies in* ***'n plat bak of pan*** *uit en gooi dit dan met meel toe. Laat maats nou die prente volgens jou instruksies in die "sneeu" soek.)*

Toe Mollie klaar met die meel gespeel het is hy spierwit! Hy gaan haal van Mamma Muis se wit wolballetjies uit haar kas om sy gesiggie mee te was, maar hy laat val die hele bottel wolballetjies. *(Gooi klein* ***wolballetjies [watte/pom-poms]*** *op maats se tafels uit. Laat hulle die wolballetjies een-een met* ***tangetjies*** *optel en deur die nek van 'n 2 liter koeldrankbottel gooi.)*

**Tematafels moet ERVAAR word...**



# TEMA

*(Gedig en storie)*

In die winter is die bome kaal

en lyk die wêreld tog te vaal.

Ons bly dan eerder in die huis,

warm aangetrek en tuis!



## GEDIGGIE VAN DIE WEEK

*In die Winter(CD)*

***Die gedig leer vir maats hoe die winter buite lyk en dat ons lekker warm in die winter moet aantrek.***

***Laat maats die gedig dramatiseer.***

## PRAATJIE VAN DIE WEEK *Kom ons help die maatjies wat koud kry (CD)*

**Hierdie week is daar nie 'n liedjie nie. Mienkie Muis verduidelik vir maats dat sommige maats nie warm skoene en klere het nie. Sy vra dan vir maats om haar te help om 'n verskil in sulke maats se lewens te maak deur vir hulle te vra om ou klere vir arm maats te skenk. GEBRUIK DIE PRAATJIE SLEGS AS JULLE SO 'N INISIATIEF WIL UITROL.**

## STORIE VAN DIE WEEK

*Mollie en die sneeuvrou (CD)*

***Hierdie week breek ons stereotipes! Dit sneeu en Mollie bou 'n sneeuman. Hy is egter geskok om uit te vind dat die sneeman eintlik 'n sneeuvrou is! ONS SKEP HIER DIE IDEALE GELEENTHEID OM OP TERLOOPSE WYSE VIR MAATS TE LEER DAT BEIDE SEUNTJIES EN DOGTERTJIES KAN WEES WAT HULLE WIL WEES IN DIE LEWE. Dogtertjies kan byvoorbeeld ook brandweer"manne" ens. wees.***

***Luister elke dag 'n stukkie van die storie en vra vir maats na afloop daarvan wat hulle dink die volgende dag in die storie gaan gebeur (kritiese- en kreatiewe denke). Vra vir maats of hulle kan onthou wat die vorige dag in die storie gebeur het voordat jy die storie die volgende dag verder speel (ouditiewe geheue).***

***Op dag vyf kan maats die storie self dramatiseer of hul eie variasies daarvan weergee.***

# TEMA-ILLUSTRASIES *(Visuele persepsie)*

## Dag 1 en 2



In die winter dra ons:

- musse op ons koppe;
- serpe om ons nekke;
- langmouhempde, dik woltruie en baadjies aan ons lyfies;
- handskoene aan ons hande;
- warm langbroeke aan ons bene; en
- dik winterkouse en warm winterskoene (soos reënskoene) aan ons voete.

## Dag 3 en 4





In die winter is die gras geel en vaal en die bome is kaal.
Die wind waai en die lug is koud. Soms kan dit selfs reën.
Soms kan dit sneeu en dan kan ons klein sneeumanne bou.

## Dag 5



In die winter bly ons liewer in die huis.
Ons eet dan heerlike warm kossies soos sop en pannekoek.
Ons drink ook warm drinkgoed soos koffie, tee en warm sjokolade.

# TEMA-LES

## *Winterklere*

# DAG 1-2

Maatjies, julle weet dat dit nou winter is. Kom ons gesels eers 'n bietjie om te hoor wat julle alles van winter weet. Kom ons noem die vier seisoene van die jaar op: lente, somer, herfs en winter. In ons land is die wintermaande Junie, Julie en Augustus.

In die winter word dit sommer baie koud. Dit word kouer as in enige ander seisoen. Soms kan dit so koud word dat dit selfs kan sneeu! Dit gebeur nie baie in Suid-Afrika nie, maar dit gebeur tog.

As ons nie warm genoeg aantrek vir die winter se bibberende koue nie, kan ons sommer baie siek word. In die winter dra ons daarom:

- musse op ons koppe;
- serpe om ons nekke;
- langmouhempde, dik woltruie en baadjies aan ons lyfies;
- handskoene aan ons hande;
- warm langbroeke aan ons bene; en
- dik winterkouse en winterskoene soos reënskoene aan ons voete.

As dit baie koud is kan ons selfs oormoffe dra om ons ore teen die koue wind te beskerm! Hoe kouer ons ore en ons lyfies kry, hoe meer lagies klere moet ons aantrek.

### Kritiese denke

- Hoeveel lagies klere het jy vandag aan?
- Hoekom het mamma jou so warm aangetrek?
- Dink julle alle maatjies het lekker warm klere om hul lyfies warm en gesond in die winter te hou?
- Wat kan ons daaraan doen?

### Woordeskat-ontwikkeling

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Winter | Bibberend | Langmouhemp | Handskoen(e) | Reënskoene | Dood |
| Seisoen | Koue | Handskoen(e) | Langbroek(e) | Oormoffe | Sneeu |
| Wintermaande | Musse | Woltrui(e) | Winterkouse | Vaal | Spierwit |
| Koud | Serpe | Baadjie(s) | Winterskoene | Kaal | Sneeuman |

## *Winterweer*

# DAG 3-4

In die winter is die gras vaal en geel en bruin. Die bome is heeltemal kaal, want al hulle blaartjies het reeds in die herfs afgeval. Daar is ook geen helder blommetjies in die tuin te sien nie, want die meeste blommetjies is gewoonlik dan dood. Maar dit alles beteken nie dat die winter nie mooi kan wees nie.

As dit baie, baie koud is kan dit soms sneeu. Die hele wêreld om ons word dan spierwit, Die gras is dan wit, die bome is wit, ons tuine is wit en selfs ons huisie se dak is wit. As daar genoeg sneeu val kan ons dan ook spierwit sneeumanne bou!

### Kritiese denke

- Het jy al sneeu gesien?
- Het jy al 'n sneeuman gebou?

# TEMA-LES

*Winterweer*

## DAG 3-4

Al is dit heerlik om sneeumanne te bou, kan ons dit nie gereeld doen nie. Dit is omdat dit nie gereeld in Suid-Afrika sneeu nie. Dit word nie koud genoeg hier nie.

Wanneer dit by ons winter word is die weer gewoonlik net baie koud. Die wind waai koel en die lug word dan yskoud. Dit is dan beter as ons eerder in die warm huis bly en nie buite in die koue speel nie. As ons in die buite in die koue speel kan ons siek word.

Partykeer kan dit in die winter reën en dan haal ons ons sambrele, reënjasse en reënskoene uit. Reënjasse word nie van wol of gewone materiaal gemaak nie. Dit word van plastiek gemaak. As die reën op die plastiek val rol dit dan net van ons lyfies af en keer dat ons lyfies nat word. Reënskoene word ook van plastiek gemaak en hulle hou ons voëtjies daarom lekker warm en droog terwyl ons deur waterpoele of oor nat gras loop.

Vroeg in die oggende kan die grassies nat wees van die “ryp”. Weet julle wat ryp is maatjies? Dit is fyn ys wat op die gras en op die plantjies vorm terwyl ons in die aand slapies. Hierdie ysies vorm in die nag omdat dit dan baie koud is.

### Kinestetiese leer

Gebruik ’n plastieksak om vir maats te verduidelik hoe reënjasse verhoed dat ons lywe nat word. Gooi ’n bietjie koue water oor die plastieksak uit. Wys vir maats hoe die water van die plastieksak af loop en nie deur die sak geabsorbeer word nie.

### Woordeskat-ontwikkeling

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Koel | Rëen | Materiaal | Droog | Slippers | Kerrie en rys |
| Lug | Sambrele | Plastiek | Waterpoele | Kouse | Pannekoek |
| Yskoud | Reënjasse | Nat | Ryp | Komberse | Tee / Koffie |
| Buite | Wol | Warm | Ys | Sop | Warmsjokolade |

*Winterkos*

## DAG 5

In die winter bly ons in die warm huis en hou ons ons lyfies lekker warm. Ons loop in slippers of dik, warm kouse rond en slaap onder ekstra komberse. Ons drink ook vitamiene om warm en gesond te bly.

Een van die maniere waarop ons ook ons lyfies kan warm hou is deur warm kos te eet. In die winter kan ons lekker warm sop eet. Ons kan ook warm kosse soos kerrie en rys of warm pannekoek eet. Ons kan ook warm drinkgoed soos tee, koffie of selfs warm sjokolade drink. Hierdie warm kos en drinkgoed gaan binne in ons lyfies in en maak dan ons lywe van binne af sommer lekker warm.

### Kritiese denke


- Hoekom loop ons in die winter in slippers/warm kouse in die huise rond?

# KUNSWERK
*Aktiwiteit 1*

## Verf, plak, manipuleer en strooi


!Laat elke maatjie vier roomysstokkies in verskillende skakerings van ligblou verf. Plak die roomysstokkies dan bo-oor mekaar sodat dit soos 'n stêr lyk. Smeer gom oor die ster en strooi wit skitterstof daaroor. Siedaar, ons het 'n sneeuvlokkie!

**VOORBEELD:**




## Verf/inkleur, plak en manipuleer

Laat maats die middelste deel van die onderstaande mussie verf of inkleur. Gee dan vir elke maatjie ook 'n tossel of pom-pom(s) om aan die boonste punt van die onderstaande mussie te plak. Maats kan dan die die mussie met knopies ens. versier.




## Inkleur, smeer en strooi

Laat maats die onderstaande boom sonder blare bruin inkleur. Laat hulle die boom dan met gom besmeer en dan wit koekmeel oor die boom strooi. Ons boom is nou vol sneeu!



## Verf, druk, knip, plak en manipuleer

Laat maatjies 'n A4 papier ligblou verf. Elkeen kry dan 'n stuk "bubble wrap" wat hulle wit verf en oor die blou geverfde papier druk. Ons maak sneeuvlokkies! (Maats kan die sneeuvlokkies ook met hul vingertjies wat in nat, wit verf gedruk is, afdruk.) Gee nou vir elke maat twee wit kartonsirkels (een kleiner en een groter sirkel) wat die lyfie van 'n sneeuman kan vorm en plak dit op die geverfde papier. Maats kan dan die onderstaande hoedjie, ogies, neusie, mond en armpies uitknip en op hul sneeuman plak. Hulle kan dan repies materiaal of linte vir serpies om die sneeumanne se nek plak.




## Teken en inkleur

Wouter-Wit se een helfde van sy lyfie is weg! Kyk na die linkerkant van sy lyfie en teken die regterkantste deel van sy lyfie vir hom!

# *Wouter-Wit*





# KLEIKAART
*Aktiwiteit 6*

## Manipuleer en druk

Laat maats die buitelyne van die ster met 'n WIT kleislang nagaan. Laat hulle ook die "8" uit klei vorm en op die onderstaande "8" platdruk. AGT klei-balletjies van verskillende kleure moet dan ook gerol word en BINNE die agt klein sterretjies gepak word terwyl maats die balletjies aftel. Maats moet 'n geel balletjie op die geel sterretjie, 'n blou balletjie op die blou sterretjie ens. sit.



# Kinetika

## Benodighede

| | | | |
|---|---|---|---|
| Pilatusbal | Hoepels | Tou | Vorms/Kleure |
| Boontjiesakkies | Bal | Ruimtetonnel | Drukgom |
| Balanseerbalk | Hoepels | Rolmat | Stoele |

### Opwarming

- Laat maats vyf stersponge doen.
- Laat maats vyf paddasprونge doen.
- Laat hulle volgende op 'n pilatesbal vorentoe rol terwyl hulle hul balans hou.

### Balans


- Plaas boontjiesakkies op gelyke afstande uitmekaar op 'n balanseerbalk. Maatjies moet nou oor die balanseerbalk loop en oor die boontjiesakkies trap. Hulle mag nie aan die boontjiesakkies raak nie.
- Plaas volgende hoepels op die grond. Maats moet nou op die rante van die hoepels loop.
- Plaas volgende verskeie hoepels op verskillende afstande uitmekaar. Laat maatjies dan eenbeentjie staan en boontjiesakkies in elke hoepel gooi.
- Laat maatjies laastens op 'n tou loop terwyl jy vir hom/haar 'n bal gooi wat hy/sy dan moet vang en vir jou moet teruggooi.

### Lateraliteit

- Pak 'n tou, ruimtetonnel en mat uit. Maats moet nou "zig-zag" oor die tou spring, deur die tonnel kruip en oor die mat rol. Herhaal die oefening drie keer.
- Laat maats nou "zig-zag" met beide hul voete oor 'n tou spring wat op die grond neergelê is.
- Laat maats volgende "hop scotch" op vorms wat in 'n ry op die grond uitgepak is speel.

### Koördinasie

- Plak verskillende kleure papier/lap op verskillende hoogtes teen 'n muur met drukgom vas. Laat maats dan 'n entjie van die muur af staan en dan op jou instruksie 'n boontjiesakkie na die onderskeie kleure gooi.
- Rol nou 'n bal vir maatjies. Hulle moet die bal telkens stop en dit dan terug na jou toe rol terwyl jy rondbeweeg.
- Plaas laastens 'n paar kegels ongeveer een meter ver van maats af in 'n ry uit. Maats moet dan groot balle na die kegels rol terwyl hulle op hulle knieë sit. Balle mag nie hop nie.



# KINETIKA

### Ruimtelike oriëntering

- Pak stoele of tafeltjies uit. Gee nou instruksies waarvolgens maatjies telkens **langs** 'n stoel, **bo-op** 'n stoel, **agter** 'n stoel en **voor** 'n stoel moet gaan staan.
- Laat maatjies volgende in die middel van 'n hoepel staan. Pak verskillende kleure en vorms om die hoepel uit. Gee nou instruksies waarvolgens maats telkens **op** 'n spesifieke vorm of kleur moet spring.

### Afwarming

Strekke



# Winter is koud - Pikkewyn se wintersjas

Mense trek baie lae klere in die winter aan om hulle lyfies warm te hou. Daar is diertjies soos pikkewyne wat ook in die winter moet warm bly. Die pikkewyne se lae “klere” sit net permanent aan hulle lyfies vas. Kom ons kyk hoekom die pikkewyne en selfs ysbere warm kan bly tussen die ys!

## Benodighede

- 4 “Ziplock” sakkies (twee vir gebruik en twee ekstra vir indien een skeur)
- Watte of enige ander stukkies lap wat van ’n wollerige stof gemaak is
- ’n Toutjie (opsioneel)
- ’n Diep bak
- Ys
- Water



## Instruksies

1. Vul die bak met koue water [verkieslik yswater] en ys.
2. Laat elke maatjie sy/haar hand of vingertjie in die water druk om die koue temperatuur te voel.
3. Sit nou een Ziplock-sakkie binne-in ’n ander een. Vul die spasie tussen die twee sakkies met die watte (of ’n ander wollerige materiaal). Probeer soveel watte as moontlik tussen die sakkies indruk, maar maak seker dat jy steeds ’n maatjie se hand in die binneste sakkie sal kan pas.
4. Laat elke maat sy/haar hand nou in die binneste sakkie druk voordat hulle dit weer in die water om druk om temperatuur te voel. ’n Toutjie kan gebruik word om te keer dat die sakkie nie van maats se hande afgly nie. LET OP: Die water sal die tweede rondte warmer voel oor die isolasie-laag tussen hulle hande en die yswater.

## Wat het ons geleer?

Die water is yskoud as ek my hand sonder isolasie daarin druk. As ek my hand beskerm in ’n isolasielaag is die water nie meer so koud nie. Pikkewyne se isolasie-laag sit aan hul lywe vas en daarom kan hulle in die koue leef. Ons moet meer lae klere aantrek om in koue omstandighede te leef!